the essence
KOMMUNIKASIE

# Sonder Seëls

e-tydskrif

Spesiale aflewering vir jou.

**November 2021**
Uitgawe 68
Jaar 12

# Liewe Leser

Dis sowaar die einde van nog 'n jaar waarin daar so baie gebeur het, vir sommige van ons positief, en vir ander was dit 'n jaar van afskeid en verlies. Dis hier waar ons vir jou wil sê: ons is bly om in jou geselskap te wees, dankbaar om jou by ons te hê.

Om te doen te kry met mense wat hulle lewe wy aan die bekamping van stropery, opruiming van draadstrikke en om die plaaslike gemeenskap te betrek by bewaringsaksies, laat jou verstom en dankbaar staan voor hulle moed, deursettingsvermoë en geloof in die toekoms van ons land en sy mense. Bl. 3

Onthou jy die Durban July-wenner Kommetdieding? Dr. Willem Botha brei uit oor hierdie woord wat 'n naam geword het. Bl. 7. Ons maak ook kennis met die energieke Loki, 'n Belgiese Malinois, in dieselfde familie as K9 Killer, een van die eerste drie honde wat in die Nasionale Krugerwildtuin ontplooi is om stropers te vang. Bl. 10

Indien jy een van die onlangse uitgawes van Sonder Seëls misgeloop het, kan jy dit aflaai by www.sonderseels.co.za. Om met ons te gesels, stuur 'n e-posboodskap na kontak@sonderseels.co.za.

Geniet *Sonder Seëls*!

*Lilla du Preez* 15 November 2021

**November 2021**
Uitgawe 68 Jaar 12
**Sonder Seëls**
kontak@sonderseels.co.za

# Inhoud

**3**

"Ons het reeds meer as 'n duisend vangstrikke uit die Groter Krugerwildtuin, op staatsgrond en private reservate verwyder."

**7**

Op haar beurt was sy "bebloed" want dit is mos nie 'n perdenaam nie: Kommetdieding

**10**

Op die bevel 'BLAF' het hy sy twee voorpote vorentoe gesit, afgesak en 'HWAF' gemaak.

**13**

Ervare braaiers weet presies wat 'n "koel vuur" beteken. Braai Silverside oor die kole.

**14**

Amsterdam tot Zeeland: Slawestand tot Middestand? - Hans Heese

**16**

Verkiesing op die plotte: die diere en die voëls het stemreg, maar nie die insekte, miskruiers en wurms nie.

# Bewaring in Aksie

## van draadstrikke tot armbande van hoop

Suid-Afrika beskik oor omtrent 10% van al die plant- voël- en dieresoorte in die wêreld, wat dit die derde mees biologies diverse land in die wêreld maak, naas Brasilië en Indonesië. As ons nie ons natuurlike gebiede en hul fauna en flora bewaar nie, sal ons nageslag nie die voorreg hê om dit te geniet en te waardeer nie. Gelukkig is daar mense soos Eugene Troskie en sy kollegas van die Phalaborwa Natural Heritage Foundation wat hulle passie vir die natuur só uitleef dat hulle 'n daadwerklike verskil maak om ons natuurerfenis te bewaar. Eugene het onlangs met Sonder Seëls gesels oor die PNHF se werk in die Phalaborwa-omgewing.

**Foto regs bo:*Die toegewyde span van die Phalaborwa National Heritage Foundation* :** Van links na regs agter: Ryan Richardson, Christo Els, Jamie-Lee Calitz, Vincent Dickens, Nicholas Blaiklock, Owen Dixon-Paver (PNHF direkteur), Imhran Mahomed (PNHF direkteur) Rion Lerm (PNHF direkteur) links na regs voor: Francois Prinsloo (PNHF direkteur) met sy hond Buddy, Bryetta Calitz (PNHF direkteur) en Genia Whatle.

Die Phalaborwa Natural Heritage Foundation (PNHF) is 'n nie-winsgewende organisasie wat gedurende 2020 gestig is om die plaaslike gemeenskap te betrek by bewaringsaksies wat die biodiversiteit van die omgewing bewaar. Dit behels onder andere die bekamping van stropery, opruiming van draadstrikke en die insamel van data uit die omgewing vir navorsing-en moniteringsdoeleindes.

Phalaborwa is langs die Krugerwildtuin geleë en omring met natuurreservate en parke waar inwoners bevoorreg is om 'n wye verskeidenheid wild- en voëllewe op hulle drumpel te ervaar. Eugene Troskie, besturende direkteur van PNHF sê hulle doelwit is om die vernietiging van die plaaslike biodiversiteit te stuit en sodoende Suid-Afrika se natuurerfenis vir die nageslag te bewaar. "Hoewel die PNHF sedert Februarie 2020 reeds met sy omgewingswerk begin het, is dit eers amptelik in November 2020 gestig. Ons het reeds meer as 'n duisend vangstrikke uit die Groter Krugerwildtuin, op staatsgrond en private reservate verwyder," vertel Eugene.

Behalwe om diere uit strikke te verlos, red die PHNF ook diere wat onder ander omstandighede beseer word, soos om bv. 'n gevlekte hiëna uit 'n mangat te haal. Tydens hulle

**Bo:** Dirk de Klerk (Limpopo Economic Development, Environmental Affairs and Tourism) en dr. Gerrit Scheepers van die Phalaborwa Diere-en Voëlkliniek dien aarvoeding toe aan 'n hiëna wat na meer as tien ure in 'n mangat verlos is.

**Onder, van links na regs:**
Eugene Troskie (PNHF), Dirk de Klerk (Ledet), Dr. Rita Piso (Mangata Vets) en Francois Prinsloo (PNHF) by 'n gevlekte hiëna wat 'n strik in sy bek gehad het.

opruimingsaksies, het die PNHF al gehelp met die redding van 'n wyfie bruinarend, 'n visarend, vyf gevlekte hiënas, 'n leeuwyfie, twee buffels, 'n kameelperd, 'n waterbok, twee vlakvarke, 'n njala, twee seekoeie, 'n rooibok, 'n olifant, en 'n bees. Hulle was ook betrokke by die vervanging van opsporingsradiobande van twee olifante. Baie diere oorleef dit egter nie en 'n verskeidenheid karkasse van diere soos buffels, waterbokke, sebras, rooibokke, steenbokke, vlakvarke, rooijakkalse, aasvoëls en selfs plaasdiere is onder die onaangename vondste wat die PNHF-span teëkom. Nie al die reddings is strikverwant nie.

Die PNHF se werksaamhede in die reservate voeg ook waarde toe tot ander bewaringsverwante aktiwiteite soos die insamel van data wat vir navorsing aangewend word. Verder loods die PNHF opruimingsaksies in Phalaborwa waartydens hulle tonne rommel verwyder wat onwettig in die natuurlike groen dele in en om Phalaborwa gestort word.

Met die Covid-19 inperkings wat in Maart 2020 in werking getree het, het die werkloosheidvlakke gestyg en veldwagters en natuurbewaarders was minder met hul stewels op die grond. "Dit het veroorsaak dat wildstropers hul aktiwiteite meer intensief kon toepas met die gevolg dat die stropingsyfers skerp toegeneem het. Stroping tesame met ander omgewingsuitdagings het ons gedryf om PNHF te stig om 'n verskil te probeer maak," sê Eugene.

Hy self het sy werk as bestuurder by 'n lodge verloor toe die Covid-19 pandemie die land getref het. Sedertdien het hy al sy tyd en energie aan die PNHF bestee. Behalwe vir Eugene wat aan die stuur staan, is daar nog ses direkteure wat hulle tyd en kundigheid aanwend om die PNHF se saak te bevorder en uit te voer. Hulle is Eugene se vrou, Cathy-Louise, Rion Elias Lerm, Owen Dixon-Paver, Imhran Mahomed, Francois Prinsloo en Bryetta Visser-Calitz. "Saam met sowat 140 vrywilligers, waarvan ongeveer 25 aktief betrokke is, werk ons almal sonder vergoeding vir die liefde van die saak om ons natuurlike erfenis te bewaar," sê Eugene.

Die PNHF-span, van links na regs, Shamiel Albertyn (videograaf wat die episode van Africa from Within verfilm het) Francois Prinsloo met sy hond Buddy, Rion Lerm, Cathy Troskie en Eugene Troskie. Slegs Shamiel is nie deel van PNHF op die foto nie, die res is direkteure

## Bewusmaking en opvoeding

Omgewingsopvoeding onder die plaaslike gemeenskap is 'n prioriteit vir die organisasie wat vrywilligers aanmoedig om betrokke te raak by bewaringsaksies en die wonder van die natuur op 'n praktiese vlak te ervaar. "Ons het 'n baie groot diversiteit onder ons vrywilligers, van kinders so jonk as 7 jaar tot oumas van 75. Ons doen bewaring deur gemeenskapsbetrokkenheid en gee mense die geleentheid om dinge te ervaar en te leer wat onder normale omstandighede nie moontlik sou wees nie."

Die PNHF se omgewingsopvoeding word onder die naam *Urban Wildlife Awareness Phalaborwa* bestuur wat aktief op sosiale media bewustheid skep rondom die erns van bewaring en inligting verskaf oor omgewingskwessies en verwante gebeure in die gemeenskap. Lede van die publiek wat betrokke wil raak by die bewaringsaksies, word met ope arms verwelkom. Daar is selfs mense so ver as Pretoria wat aan aktiwiteite deelneem.

PNHF plaas weekliks artikels in die plaaslike koerante wat die stryd teen strikstropery, besoedeling en ander omgewingskwessies bespreek en onder die publiek se aandag bring. Verder maak hulle gebruik van sosiale media platforms soos Facebook, Instagram en WhatsApp om met die publiek en vrywilligers te kommunikeer.



Van dodelike draadstrikke tot armbande van hoop.

## Vennootskappe van hoop

Die PNHF werk saam met ander organisasies wat bewaringswerk in die omgewing doen, soos bv. die Mopani-tak van SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging, waarvan Eugene ook 'n lid is.

Eugene en sy span werk ook nou saam met Down to the Wire wat handgemaakte armbande vervaardig

'n Handvol armbande uit draadstrikke

# Finansiering en skenkings

van die draadstrikke wat die PNHF uit die omgewing verwyder. Lilly Otto wat Down to the Wire in 2019 gestig het, verduidelik dat dié organisasie die draadstrikke wil omskep in mooi en nuttige items wat mense inspireer om iets vir die bewaring van ons omgewing te doen. "Die juwele simboliseer hoop vir ons wildlewe en skep bewustheid van strikke. Ons wil soveel as moontlik mense inlig oor die wrede en verwoestende impak van stropers se strikke," vertel Lilly. Die juwele word verkoop om geld in te samel om onder andere veeartsonkoste te dek van wildveeartse wat by reddingsaksies uithelp.

Gaan kyk gerus na hierdie baie interessante video program van African from Within wat die werksaamhede van die PNHF en Down to the Wire vertel.

PNHF maak staat op skenkings wat hulle aktiwiteite ondersteun. Hulle het onlangs ses tweerigting radio's en ook flitsligte ontvang wat hulle werk vergemaklik. Finansiële donasies word aangewend om veeartsonkostes, operasionele kostes en opleiding van direkteure te betaal. Noodhulpopleiding is noodsaaklik vir PNHF-lede wat na vrywilligers se veiligheid en welstand omsien wanneer hulle in die veld werksaam is.

Die PNHF se aktiwiteite bied aan die gemeenskap die geleentheid om by verantwoordelike en goedbestuurde bewaringsaksies betrokke te raak – iets wat die organisasie onder die bekwame leiding van Eugene Troskie met groot geesdrif aanpak.

Saamgestel deur Magda Naudé

**Rig gerus navrae of stuur 'n WhatsApp boodskap aan die PNHF** by 082 614 3688 of phalaborwaheritage.info@gmail.com

**Besoek gerus die volgende skakels vir nog inligting oor die PNHF en Down to the Wire se werksaamhede**

www.down2thewire.org
@PhalaHeritage

# Kommetdieding

***Ons kon die versoeking nie weerstaan nie: dr. Willem Botha se storie op Monitor oor Kommetdieding (Kom met die ding), nadat dié Kaapse renperd die Durban July gewen het.***

"Die eerste renperd in Suid-Afrika met 'n Afrikaanse naam het pas die Durban July Perdewedren gewen. Tot nou toe was daar nog geen renperd in Suid-Afrika met 'n Afrikaanse naam nie. Ook in Nederland is daar nie renperde met Nederlandse name nie.

Mnr. Ashwin Reynolds van Claremont se drie jaar oue resiesperd, **Kommetdieding,** is waarlik 'n baanbreker in alle opsigte. Kommetdieding is Kaapse Afrikaans vir: ""ek is nie bang nie", "doen jou bes" "kyk wat jy kan regkry" of in Engels "Bring it on!"

Die 47-jarige mnr. Reynolds se **Kommetdieding** het vir hom 'n ronde R1 miljoen in die sak gebring met sy July-oorwinning. Selfs Gary Player het gebel om hom geluk te wens.

**Kommetdieding** het sy naam te danke aan 'n baie lekker partytjie in die Baai in 2019. Ashwin is uitgedaag om sy nuwe perd, wat hy vir R55 000 by sy afrigter gekoop het, **Kommetdieding** te doop. Volgens mnr. Reynolds laat hy hom nie uitdaag nie en hy het in die middel van die nag sy afrigter gebel met die opdrag om sy perd as Kommetdieding te registreer. En van daardie dag af daag Kommetdieding die ander perde uit met sy rammetjie-uitnek-naam wat beteken "ek is nie bang nie" of "doen julle bes" of "kyk wat julle teen my kan regkry."

Volgens sy vrou, René, was Ashwin "goed onder die weer" toe hy haar gebel het met die nuus van die naam vir sy nuwe perd. Op haar beurt was sy "bebloed" want dit is mos nie 'n perdenaam nie, het sy gereken. Om "onder die weer te wees" beteken om dronk te wees en "om bebloed te wees" beteken om smoorkwaad te wees.

Kommetdieding is in 'n lorrie saam met ander perde Durban toe, maar hy het in 'n private bakkie huis toe gekom soos 'n ware Durban July-wenner. "Bring it on" is uit, Kommetdieding is in. Kommetdieding!"

Dr. Botha is hoofredakteur en uitvoerende direkteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

WAT



# Nina
## is vyf jaar oud en in graad R

Sy hou van skool en sy hou ook baie van sport soos swem, tennis en karate.

Nina se pappa, Nic, is 'n groot sportentoesias en van kleintyd af kyk Nina saam met haar pappa na verskillende sportwedstryde. Sy ken verstommend baie sportlui se name en weet baie van hul spanne.

Tydens die afgelope Olimpiese Spele was dit vir haar heerlik om na al die items te kyk waar veral Suid-Afrikaanse atlete deelgeneem het. Die silwer en goue medaljes wat Tatjana Schoenmaker verower het, het Nina grensloos beïndruk en onmiddellik het sy 'n nuwe heldin gehad. Sy het, waar sy ook al kan, allerhande interessante brokkies oor haar heldin uitgevind en onthou.

So sien sy toe een aand op die TV- nuus dat President Cyril Ramaphosa vir Tatjana gebel het, en haar persoonlik geluk gewens het met haar medaljes. Dit het Nina onmiddellik aan die dink gesit en baie opgewonde en entoesiasties sê sy toe : "Ouma ek gaan die president bel om Tatjana se foonnommer by hom te kry en dan kan ek mos ook vir Tatjana bel en geluk sê!"

*Hester Labuschagne*

# Borg 'n Woord 2021 - 2022

Die WAT maak vanjaar geskiedenis met die aankondiging dat Borg 'n Woord vir 2021 – 2022 beide 'n beskermvrou en beskermheer het! Amanda Strydom, beskermvrou, en Hannes van Wyk, beskermheer, vertel waarom Afrikaans hulle na aan die hart lê.

**Amanda:** Kom pluk vir jou 'n woord in ons lieflingtaal se boord!

Ek het "piekfyn" gepluk en daar's nog baie vir jou oes – watter een kies jy?

**Hannes:** Afrikaans is die taal waarin ek dink, droom, liefhet, lewe en werk.

Afrikaans is my taal en my trots.

**Voel jy dieselfde?**

Borg of koop 'n woord wat vir jou uitstaan en help so om die toekoms van ons hartstaal te verseker...

WAT

# CITY Gifts, Babies & Toys

## Atterbury Value Mart

**Besigheidsure**

| | |
|---|---|
| Maandae – Vrydae | 09:00 –18:00 |
| Saterdae | 09:00 –17:00 |
| Sondae | 09:00 –14:00 |
| Vakansiedae | 09:00 –14:00 |

*Kersgeskenke*
*Verjaarsdaggeskenke*

*Bababenodigdhede*
*Kinderspeelgoed vir elke ouderdom • Legkaarte*
*Geskenke vir mans • LEGO • Maxwell & Williams*
*Ballonne vir elke geleentheid • Ritzenhoff*

Winkel 4.1 Atterbury Value Mart, Faerie Glen, Pretoria

*ONS IS LANGS BUILDERS WAREHOUSE*

Tel: 012 991 6231/2/5 • E-pos: citygifttoys@mweb.co.za

www.citygifttoys@mweb.co.za

# OM VIR LOKI GROOT TE MAAK

***Loki is 'n hond, nie sommer enige hond nie – hy is 'n opregte Belgiese Malinois. Loki is nou oor sy babastadium en soos 'n tipiese kleuter, is hy in die fase van self ontdek en ongehoorsaamheid! Maar vir seker, 'n besondere liefdevolle en op en wakker 11 maande-oue kleuter! Hannalie le Roux vertel.***

Loki se naam kom van die Noorse mitologie af – ***god of mischief*** – en hoe ouer hy word, hoe meer beland hy in die moeilikheid. Kort voor Kersfees 2020 het hy sy opwagting gemaak. 'n Oulike, wollerige bolletjiehond van ses weke. Baie vinnig maak hy homself tuis in almal se harte, op rusbanke, op die voorste motorsitplek en selfs, na baie lang soektogte, heerlik opgekrul diep agter in blombeddings, op soek na koelte.

*Loki is baie lief vir bene kou en loop graag met 'n stuk hout in sy bek rond*

## GRAWE, KLIM EN KLOUTER

Loki grawe graag gate in die tuin en menige plante het al in die slag gebly. Soms bring hy die plantjie vir ons met die hoop dat ons hom sal prys. Soos wat hy groter geword het, het hy meer begin klim en klouter. Loki klim ook sommer vroeg in sy kleuterdae op die houttafel met bankies. Toe die potplant bo-op die tafel in die slag bly, wéét hy dat hy stout was en sit ewe skuldig langs die skade en hoop dat hy nie raas gaan kry nie. Klim en klouter is dus ingebore.

Weens sy nuuskierige geaardheid is die soek-en-vind-speletjie baie gewild. Wat is beter as 'n stukkie droëwors in 'n plastiek

koeldrankbotteltjie? Hy speel met die botteltjie in alle rigtings om die lekker happie uit te kry. 'n Tou verskaf ure se genot, en hy kan nie genoeg kry van balspeletjies nie.

Die oulikste was om Loki te leer blaf. Op die bevel 'BLAF' het hy sy twee voorpote vorentoe gesit, afgesak en 'HWAF' gemaak. Ek dink hy het homself verbaas toe hy dit die eerste keer kon regkry. Maar hy moes ook leer om nie te blaf wanneer ons gaan stap nie!

Dit het 'n rukkie geneem om aan 'n halsband gewoond te raak, totdat hy agtergekom het dat dit vryheid bied buite die erf. Hoe groter hy geword het, hoe meer was sy stapmaat bewus van hoe sterk Loki is. Hoewel hy met 'n baie trotse houding stap, het hy net 'n halwe kans nodig om soos blits te hardloop met sy stapmaat op sleeptou! Hy het nie veel aanmoediging nodig om rondom die huis te hardloop nie, en dan wag hy vir die volgende teken sodat hy dit weer kan doen.

Maar die heel lekkerste is naweke op die plaas. Daar wag Thombi, sy Malinois-vriendin, ewe oud en ewe stout.

'n Week of twee voor Loki sy opwagting gemaak het, het Thombi by haar gesin op 'n landbouhoewe naby Boschkop aangesluit. Loki en Thombi is baie goeie maats. Loki doen beslis sy naam gestand – *mischief*! Wat is lekkerder as om agter die skape aan te hardloop, hulle bymekaar te maak en bymekaar te hou? Dit is immers waarvoor Malinois geteel is.

Loki is nog 'n jong hond wat met 'n ysterhand in toom gehou moet word, maar dis een groot plesier!

*Thombi en Loki swem graag in die rivier.*

## DIE HERDERSHONDGROEP

Die Belgiese Malinois, ook bekend as Belgiese herdershond, is hoogs intelligent, op en wakker en sensitief. Hulle is buitengewone goeie waghonde, maklik opleibaar en het 'n sterk beskermingsdrang. Die ras word as 'n werkhond beskryf, maar is veeleisend en het 'n ervare en ferm eienaar nodig.

Dit is nie vreemd dat mense die Belgiese herdershond met die Duitse herdershond verwar nie. Daar is verrassend baie ooreenkomste ten opsigte van kleur en geaardheid en tog verskil die twee rasse van mekaar. Beide honderasse is lid van die herdersgroep.

Die herdershondgroep het eers net uit Duitse, Franse en Hollandse herdershonde bestaan. Die Malinois is een van vier tipes Belgiese herdershonde wat in die laat 1800's deur prof. Adolphe Reul opgemerk is en in 1891 het die Belgiese herdershondklub tot stand gekom. Die Malinois is in 1959 as 'n volwaardige ras erken.

Dit is 'n mediumgrootte hond met donkerbruin oë en spitsore. Elk van die vier tipes is vernoem na die gebied rondom Brussel waar hulle ontwikkel is, met die Malinois dan spesifiek uit die (Mechelar-) Malinoisstreek. Die Malinois het kort vaalbruin hare wat swart word nader aan die nek. Sy gesig het 'n swart masker. Die

ander groepe is die Groenendael ('n swart ruharige hond), Laekenois (ligte vaalbruin en kort ruharig) en Tervuren (vaalbruin met langer hare). Die honde se op-en-wakker geaardheid maak hulle baie geskik vir wetstoepassing, opsporing (plofstof/gas), en as terapiehonde vir gestremde, siek of bejaarde mense.

Die Malinois vorm 'n baie hegte band met sy eienaar of hanteerder. Dit is 'n geharde hond en moet liefs buitenshuis aangehou word. Hulle is intelligent, nuuskierig en baie aktief, maar nie juis geskik rondom skreeuende en woelige kleuters nie. Hul lewensverwagting is 12 tot 15 jaar.

Voordat jy besluit om 'n Malinois deel te maak van jou gesin, oorweeg eers die volgende kenmerke van die ras:

- Baie intelligent, gemotiveerd en energiek
- 'n Werkende hond wat voortdurend wil besig bly



- Verg 3 tot 4 uur se toegewyde oefensessies per dag
- Raak gou verveeld wat tot vernielsugtigheid kan lei

Maak seker jou begroting maak voorsiening vir genoeg kos. Hulle eet baie omdat hulle so aktief is. Sluit gerus vleis en groente in as deel van die dieet.

*Loki het aan die begin van die winter 'n nuwe kombers gekry. Die volgende oggend het die kombers 'n ander doel gekry... die van 'n poncho. In plaas van slaap het Loki die nag sy lyf modeontwerper gehou en 'n gat ingekou. Perfek in die middel en siedaar, 'n poncho!*

## HARDE WERKERS

Die Malinois het reeds tydens die Eerste Wêreldoorlog as boodskappers gewerk en was deel van die Rooi Kruis. Hulle het die ambulanswaens getrek asook die waens wat vuurwapens vervoer het. Hulle vorm ook deel van die Amerikaanse kuswag, die SEALS en word geleer om tandem valskermspronge te doen. Daar is 'n baie streng keuringsproses en die honde word van geboorte af vir militêre of polisiediens opgelei.

In Suid-Afrika word die Malinois ook opgelei en aangewend in die sekuriteitsbedryf.

*"K9 Killer was seker Suid-Afrika se bekenste teenstropingsheld. Hy was een van die eerste drie honde wat in die Nasionale Krugerwildtuin ontplooi is om stropers te vang. Saam met Ngwenya, sy suster en Loco het die drie Belgiese malinois-honde stropers vasgetrek. Maar Killer was spesiaal. Hy en sy hanteerder, Amos Mzimba, het saam byna 200 stropers aangekeer. Killer het ook regsgeskiedenis gemaak toe die hof toegelaat het dat 'n hanteerder 'n spoorhond se werksmetode tydens die aankeer van' 'n verdagte, in die hof weergee en dit as getuienis aanvaar het. Killer het in 2019 saam met Amos afgetree. Hy was 11 jaar oud in Junie 2020 toe hy van kant gemaak is weens 'n ernstige siekte."* Lees hier verder oor K9 Killer en die Malinois van die Nasionale Krugerwildtuin.

# SPOGGERIGE SILVERSIDE

Aan ervare braaiers is daar nie 'n tekort in ons sonskynland nie. Hulle weet presies wat 'n "koel vuur" beteken. Phillip Nel vertel: "Ek het een Sondagoggend hierdie heerlike *silverside* resep uitgedink. Ek het bymekaar gevoeg wat ek reeds in die huis gehad het."

## BESTANDDELE

- Ongeveer 1 kg *silverside*
- 220 g spek
- 50 g songedroogde tamaties
- 50 g amandelskaafsels
- 15 ml fyngedrukte knoffel
- Netvet groot genoeg om die vleis in toe te draai
- 5 ml groentespesery

(Ina Paarman)

## BYGEREG

- Kap 'n halwe ui, 'n halwe geel, groen en rooi soetrissie in blokkies en braai dit in botter. Indien verkies, kan 'n halwe teelepel kerriepoeier ook bygevoeg word.
- Berei 1 koppie rou koeskoes voor volgens die aanwysings op die pakkie.
- Meng die soetrissiemengsel deur die koeskoes en geur met sout.

## METODE

- Kap die tamatie, knoffel, spek en amandels in blokkies en voeg die groentespesery by.
- Sny kepe in die vleis en druk die tamatiemengsel daarin. Draai die vleis toe met die netvet en steek die some vas met tandestokkies.
- "Ek het die vleis dan op lae hitte kole, op 'n rotisserie gesit. Ek sou sê so 'n uur maak die vleis nog lekker mediumgaar. Vir die wat nie vuur maak nie kan dit wel in die oond op 180 °C in 'n oondpan met 'n braairakkie oop in die oond gaargemaak word. Maak dan net seker dat die vleis gereeld gedraai word om te voorkom dat die netvet aanbrand."

"Ek het hierdie spesiale geregte voorberei vir my familie tydens Paasfees. Goeie kos is vir my liefdestaal, die taal wat ook om 'n Kersfeestafel hoort. Ek wens graag vir Sonder Seëls lesers 'n geseënde Kersfees toe."

# Amsterdam tot Zeeland

## Slawestand tot Middestand?

*Hans Heese*

*Die inligting oor die slawe en hulle lewens aan die Kaap het reeds lank belangstelling gaande gemaak. Daar is heelwat daaroor geskryf. Daar is ook heelwat mense wat in hulle naspeur van hulle voorouers afkom op die bydrae wat (voormalige) slawe tot hul familielyne gemaak het.*

In *Amsterdam tot Zeeland: Slawestand tot Middestand?* behandel Hans Heese die Stellenbosse slawegeskiedenis van 1679 tot 1834. "Amsterdam" en "Zeeland" verwys nie na die twee Nederlandse plekke nie, maar na die name van slawe aan die Kaap. Die boek bevat inligting wat bekom is uit 'n navorsingsprojek oor die slawe in Stellenbosch, wat vroeër 'n baie groot distrik was.

Die eerste slaaf kom in 1653 in die Kaap aan. Met verloop van tyd het slawe 'n baie belangrike arbeidsbron van die regerende Verenigde Oos-Indiese Kompanjie, sy amptenare en die vryburgers geword. In 1730 was daar 2540 vryburgers, hulle het 4037 slawe gehad en daar was 221 Vryswartes. Die Vryswartes was slawe wat vrygestel is. In 1808, onder Britse bewind, is die slawehandel afgeskaf en is die invoer van slawe stopgesit. In 1834 is al die slawe aan die Kaap vrygestel. Hulle moes egter vir nog vier jaar vir hulle vorige eienaars werk.

Die slawe was die eiendom van hul eienaars en het daarom 'n spesifieke posisie in die samelewing ingeneem. Die verhaal van die Vryswartes wat hulle in die Stellenbosch distrik gevestig het, onder andere in Jonkershoek, is baie interessant.

Die boek behandel die status en die sosio-ekonomiese posisie en die regte van die slawe wat die eiendom van nedersetters was en hulle regte. Daar is gegewens oor hulle lotgevalle wanneer hulle in boedels beland het nadat hulle eienaars oorlede is, die soorte arbeid wat hulle verrig het, hulle posisie ten opsigte van die kerk, die status van kinders uit slaweverbintenisse, ens. Benewens die algemene tendense, word daar ook na die gevalle van enkele individuele slawe verwys. Die *Addendum* aan die einde van die boek verskaf 'n naamlys van 'n aantal slawe.

Baie interessant is die gedeeltes wat verwys na die wel en weë van die vrygestelde slawe en hulle bydrae tot die bevolking van die land. Die boek lewer 'n groot bydrae tot die bekendmaking van inligting oor 'n deel van die bevolking van die vroeë Kaap wat so maklik vergete raak.

Nog 'n interessante bron oor die slawe aan die vroeë Kaap is Delia Robertson se webwerf *The first fifty years by www.e-family.co.za/ffy/* Dit gee biografiese gegewens oor individue, insluitend baie slawe, wat in die Kaap geleef het in die eerste dekades ná die vestiging van die nedersetting in 1652. Die webwerf het ook 'n afdeling waar daar artikels oor sommige slawe verskyn.

# Die verkiesing

So 'n klompie oggende gelede stap ek wat Bollatjie is en Panini af na die pad tussen ons op ouplot en oom Rampie-hulle op anderplot. Die vorige middag het die hadidas met groot lawaai hier oor ons plotte gevlieg en gesê daar kom 'n verkiesing vir die munisipaliteit en ons moet die volgende oggend bymekaarkom vir voorligting. Nou nie dat ons geweet het wat voorligting is nie, maar met die hadidas sukkel jy nie.

Op pad daarheen loop ons baie van die diere op ons plot raak. Daar is die skilpad, die rotte en die skape en nog sommer baie ander. Die lug wemel ook van die voëls. Die hadidas kom toe met hulle gewone geraas daar aan. Hulle vertel toe dat ons die volgende dag moet stem. Die kandidate is die sittende burgemeester, Sarie Vark, en Kraai die Haan wat besluit het hy wil nou tot die politiek toetree. Die diere en die voëls het stemreg, maar nie die insekte, miskruiers, wurms, ensovoorts nie – hulle is te veel om te tel. Elkeen van ons het net een stem. Hulle sal die stemme opneem en ons dan op ons pote met permanente ink merk sodat ons nie twee keer kan stem nie.

Julle weet mos dat die tiptolle sulke opgetensde voëls is. Net daar raak Truitjie Tiptol baie opgewonde. Sy vertel dat sy gehoor het dat daar 'n baie groot sameswering is met daardie merkink en as dit op jou kom verander jy heeltemal. Dit gee toe groot konsternasie af. Dis wonderlik om radelose hadidas te sien. Dis toe dat oom Rampie ingryp. Hy vertel vir Truitjie dat sy dit as 'n geleentheid moet sien want as sy verander kan dit net 'n verbetering wees. Dis in alle geval net diere met leë koppe wat plek het vir sulke twak en dit dan nog glo ook. Oom Rampie sê dit is liegstories van die wat oor ander met bangmaakstories wil baasspeel. Dis te hoog vir Truitjie om te verstaan en sy bly toe maar verder stil.

Die stemmery die volgende dag verloop toe meestal heel goed. Dit is net die vlermuise wat wil staak want hulle vlieg nie in die dag rond om te stem nie en die hadidas sê hulle het nie 'n lisensie om in die nag te vlieg nie. Die vlermuise moes toe maar, heeltemal teen hulle sin, buite stemming bly. Ewenwel, die hadidas is toe daar weg met die getelde stemme en sou die volgende dag die uitslag vir ons kom vertel.

Toe ons so staan en wag vir die uitslag, kom tannie Sarie Vark daar aan. Kraai die Haan sê toe hier kom moeilikheid. Die hadidas daag toe daar op en vertel tannie Sarie is weer verkies en hulle wens haar geluk. Kraai is toe baie omgekrap en hy skop hier en skrop daar en raas in die algemeen. Hy praat van korrupsie en eiebelang. Maar dit help alles niks nie. Tannie Sarie is stewig in die saal en sy het die gewigsvoordeel.

So 'n week daarna kry Truitjie Tiptol haar sit in 'n boompie waaronder oom Rampie staan. Oom Rampie vra haar toe hoe dit met haar gaan. Nee, vertel sy, dit gaan baie goed. Oom Rampie vra toe of die merkink haar na iets beter verander het. Sy vra toe vir oom Rampie van watter merkink hy praat!

groetnis,
Bollatjie

*Die menings uitgespreek in Sonder Seëls is nie noodwendig dié van die redakteur of Essence Kommunikasie nie. Artikels en rubrieke word uitsluitlik vir inligtingsdoeleindes gepubliseer en daar kan nie daarop gesteun word as deskundige raad nie. Die produkte en dienste wat geadverteer word, bevat die inligting wat die adverteerder verskaf. Sonder Seëls aanvaar nie aanspreeklikheid vir die akkuraatheid en/of gehalte van produkte en dienste nie.*